
DIE HERSIENING VAN DIE AFRIKAANSE BYBEL- VERTALING VANUIT TEOLOGIESE STANDPUNT GESIEN.

I.

Die betekenis van die verskyning van die hersiene Afrikaanse Bybelvertaling kan moeilik oorskat word. Dit is 'n opmerklieke verskynsel dat albei die volke wat soveel aan die Statebybel te danke het, nou nuwe vertalings gebruik. Die nuwe Nederlandse vertaling het as kompleete Bybel in 1951 verskyn, dus net twee jaar voordat die hersiene Afrikaanse vertaling die lig gesien het.

In 'n klein werkie wat in 1952 verskyn het, gee die twee sekretarisse van die Nederlandse Bybelgenootskap 'n kort verantwoording van die pas voltooide werk. Daar moes in Nederland nog oortuigingswerk gedoen word omdat die Statebybel eeuelank die Bybel van Protestantse Nederland

geweeg, deur prof. S. DU TOIT.

(Voorgedra tydens die Bybelaand op Potchefstroom,

29 September 1953).

was en vlees en bloed van die Nederlandse volk geword het. Dieselfde oortuigingswerk moes ook in Suid-Afrika gedoen word. Ons herinner ons nog die verontwaardiging wat in die tyd van die eerste taalbeweging uitgespreek is dat die Woord van God in so 'n brabbeltaal oorgebring moes word. Wat ons betref is hierdie stadium gelukkig iets van die verlede.

maar tog is dit leersaam om die argumente na te gaan wat vir die noo-saaklikheid van 'n nuwe Nederlandse vertaling aangevoer word. Mutatis mutandis geld dieselfde argumente ook vir die hersiening van die Afrikaanse vertaling. Immers, gedurende die twintig jaar sedert die verskyning van die Afrikaanse Bybel is weer verrassende nuwe ontdekkings gedoen, en het daar op teologiese gebied ten opsigte van die Bybel 'n merkwaardige kentering plaasgevind. Hierdie proses het omstreeks 1920 begin, sodat by die eerste vertaling baie dinge nog nie so kon aangevoel word as by die hersiening nie.

Ons wil die volgende feite van belang noem. Daar word meer klem gelê op die Ou Testament as op die Nuwe, want jy voel jouself meer tuis op jou eie vakgebied en howedien is die aandeel wat „Potchefstroom” in die Bybelvertaling en -hersiening gehad het, tog vir die grootste gedeelte geleë op die gebied van die Ou Testament.

1. Daar is 'n beter begrip vir die betekenis van die Bybel as die Woord van God.

In die negentiende eeu en gedurende die eerste jare van die twintigste eeu het in wye kringe die gedagte bestaan dat die Bybel die religieuse literatuur van 'n volk (Israel) of van 'n godsdienstige gemeenskap (die Christelike Kerk) is, slegs gradueel verskillend van die heilige boeke van ander volke. So iets as 'n Bybel het dus eintlik nie bestaan nie. Langsamerhand het die besef deurgedring dat wat ons in die Heilige Skrif het iets heel besonder is. In kringe wat vroeër tot 'n groot mate saamgegaan het met die genoemde beskouing, word nou weer gespreek van die Bybel as die Woord van God, van 'n kánon wat met gesag bekleed is, van **openbaring**. Die Bybel word weer as 'n eenheid beskou en nie as 'n aaneen-

<p>Elke woord, elke letterteken is as op 'n goudskaaltjie geweeg.</p>

ryging van soveel afsonderlike „teologieë” nie. Dit word weer in wye kringe bely dat die sentrale gedagte van die Bybel is: Jesus Christus, die Seun van die lewende God.

2. Nuwere argeologiese ontdekkings het baie ou en geliefde beskouings van hul fundamente beroof.

Die so pas geskilderde veranderde houding is tot 'n nie geringe mate

te danke aan die nuwere oudheidkundige ontdekkings. Juis toe die negatiewe Bybelkritiek sy hoogste triomfe gevier het, het God dit beskik dat die klippe sou begin praat. Die een verrassende ontdekking na die ander is gemaak en nog is daar geen einde nie. As ons die resultate kort moet saamvat, kan ons dit doen deur te verklaar dat daar 'n bestendige beweging in die rigting van 'n meer behoudende beskouing ten opsigte van die Bybel gekom het.

3. Nuwe taalstudies het 'n beter insig in die oorspronklike tale van die Bybel gegee.

Gedurende die afgelope halfeeu het die kennis van Hebreeus, Aramees en Grieks veral die van die Bybel) met spronge vooruitgegaan. Vergelyking met ander tale het die betekenis van vroeër onbekende woorde vir ons gebring. Baie plekke wat vroeër duister was, kan nou beter verstaan word.

4. Nuwere ontdekkings het nuwe lig op die teks van die Bybel gewerp.

Wat die Ou Testament betref het daar veral lig opgegaan met betrekking tot die waarde van die Hebreeuse teks. Gedurende die negentiende eeu, en ook nog gedurende die eerste twee desennies van die twintigste, was die gedagte algemeen dat die Griekse teks (die sogenaamde Septuaginta) beter was as die Hebreeuse teks. Ondersoekings van verskillende geleerdes het daartoe gelei dat vandag die Hebreeuse teks as die betroubaarste beskou word en die LXX gedevalueer is.

Toe ons vertalers omstreeks 1920 met die werk begin het was dit nog mode om die Griekse teks as die beste te beskou. Hulle het egter van die standpunt uitgegaan dat die Hebreeuse teks hul teks sou wees en dat hulle daarvan alleen in gevalle van die uiterste noodsaak sou afwyk. Latere ontdekkings het hul standpunt glansryk bevestig. Prof. G. Ch. Aalders het in sy afskeidskollege (1951) verklaar dat hy nog in 1914 die standpunt ingeneem het dat by die vertaling van die Bybel die samewerking van verskillende rigtings nie moontlik is nie. Een van die belangrikste argumente was die verskil ten opsigte van die teks. Die ommekeer ten opsigte van die teks het die beswaar egter uit die weg geruim. Prof. Aalders kan dan ook in 1951 „met ongeveinsde vreugde” konstateer dat die „Nederlandse Bijbelgenootskap” daarin geslaag het om ook die orige besware te bowe te kom.

Sedert die verskyning van die Afrikaanse Bybel in 1933 het nog in 1937 die belangrike gebeurtenis plaasgevind van die verskyning van die

Hebreeuse Bybel van Kittel in 'n teks wat etlike honderde jare ouer is as die teks wat tot op daardie tyd in Hebreeuse Bybels voorgekom het. Dan moet ook genoem word die sensasionele ontdekking van die rolle by die Dooie See wat opnuut die waardering vir die Hebreeuse teks laat styg het.

Wat die Nuwe Testament betref, het die vertalers selfs by die hersiening die sogenaamde Textus Receptus gehandhaaf, hoewel daar deur baie geleerdes beweer word dat dit maar op 'n klein aantal, meestal latere, handskrifte berus. Van verskillende kante is op hierdie besluit kritiek uitgeoefen. Spreker is nie vakkundig op die gebied van die Nuwe Testament nie, maar wil slegs hier aanhaal wat deur 'n man van die vak, prof. dr. E. P. Groenewald beweer word: „Die wyse besluit is (deur die vertalers van die Afrikaanse Bybel) geneem om te bly by die Textus Receptus en daardeur die oortuiging aangaande die teks van die Skrif, soos dit leef in die vrome gemoed van die kinders van die Here, te eerbiedig”.

Die nuwe Nederlandse vertaling het hom gehou aan die teksuitgawe van Nestle. Om dit te kon doen, moes 'n stelsel van vierkantige hakies gebruik word. Ons vra hier maar net die vraag of ons Afrikaanse volk 'n Bybel sou aanvaar het waarin sekere gedeeltes tussen vierkantige hakies staan, waardeur aangedui word dat dit nie seker is of sulke gedeeltes wel tot die teks behoort nie.

II.

En nou gedenk ons vanaand die bereiking van 'n ideaal, die vrug van noeste arbeid van baie jare. Die hersiene teks het sy weg gevind na die Afrikaanse familie-Bybels wat in baie gevalle seker van geslag tot geslag oorgedra sal word.

Ons wil vanaand ootmoedig die Here dank vir wat Hy ons gegee het. Vir die manne wat met soveel toewyding en bekwaamheid gewerk het. Waar Stellenbosch en Potchefstroom die twee brandpunte was waaromheen die Bybelvertaling gedraai het, is dit gepas dat ook hier vanaand fees gevier word.

By al ons dankbaarheid is daar ook droefheid. Hy wat so 'n groot aandeel in hierdie werk gehad het, wat tot op sy verskeie nog daarmee besig was, is vanaand nie in ons midde nie. Hy is van die wagpos afgelos. Vir hierdie saak het hy sy lewe op die altaar gelê. Dit het by hom 'n brandende passie geword om die Woord van God in die beste vorm aan sy volk te gee. Tye lank kon hy oor niks anders praat nie. Menige dag

het hy verklaar: ek kan nie meer nie; as ek nie hulp kry nie, beswyk ek. Die Here het aan ons volk iemand gegee wat uitnemend deur sy Gees begaafd was vir hierdie werk. Sy laaste aardse reis het ten doel gehad om nog sekere instruksies aan die sekretaris van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap te gee. Dit was meteen die aflewering van sy lewenswerk. Ons dank, ook as seun, aan haar wat hom gedurende vyftig jaar so getrou bygestaan het; ook aan hulle wat sulke kostelike dienste gelewer het in verband met die taal. Ons dink veral aan proff. L. J. du Plessis en G. Dekker, en ten slotte aan dr. H. Venter wat 'n reusewerk gedoen het in verband met taaladviese, lees van drukproewe, persklaarmaak van die finale proewe. Hy het die arbeid van die eindreviseur van die Ou Testament oneindig verlig.

En dit was 'n magtige taak. Niemand wat daarmee nie intiem in aanraking was nie, kan besef wat alles daaraan verbonde is nie. Dit is 'n saak van 'n menigte woordeboeke, konkordansies, grammatika's, vertalings, kommentare, woordelyste. Dit vereis kennis nie alleen van Hebreeus, Aramees en Grieks nie, maar ook van die verwante tale, asook van die moderne tongvalle en nie die minste van ons eie Afrikaans wat nog 'n wordende taal is. Dit vereis deeglike teologiese kennis. Dit gaan oor kwesies van puntuasie, van hoofletters, van koppeltekens. Net die skynbaar eenvoudige saak of die getal 351 in woorde met of sonder koppeltekens geskryf moet word. Dit was vir die eindreviseur van die Ou Testament gedurende sy laaste siekbed 'n saak wat hom nooit met rus gelaat het nie—die feit dat daar moontlik nie uniformiteit is wat betref die gebruik van koppeltekens nie. Die reviseurs kon naamlik die laaste proewe op hierdie punt nie meer kontroleer nie, omdat daar haas was met die druk van die familiebybels. Na die verskyning van die woordelys van die akademie is hierdie saak nie meer so 'n probleem nie. Ek noem dit alles om u te laat besef dat elke woord, elke letterteken as op 'n goudskaaltjie geweeg is. Netsoos alle mensewerk sal ook hierdie vertaling vatbaar vir verbeteringe wees, maar ons kan tog met volle vrymoedigheid verklaar dat u hier te doen het met die gerypte vrug van die arbeid van baie jare.

Alle lof en eer aan God wat ons Sy Woord gegee het, wat 'n Afrikaanse taal laat groei het, wat aan ons die mense gegee het, toegerus met die gawes wat nodig is. Ons het 'n geestelike rykdom ontvang wat meer is as al wat die goudmyne van Johannesburg opgelewer het of nog sal oplewer.

Ten slotte: mag die vrug van soveel toegewyde arbeid in ons huise weer opnuut—as daar verval ingetree het—die liefde vir die Woord van

God opwek. Op die Dordtse Sinode toe daar sprake was van 'n nuwe Nederlandse vertaling, het die voorsitter, Bogersman, verklaar dat dit daarom sou gaan dat die mense ook in die Nederlandse taal **God sou hoor spreek**. Vir ons het dit daarom gegaan dat ons in die Afrikaanse taal **God kan hoor spreek**. Die eenvoudigste lidmaat kan sy familie-Bybel opneem in die oortuiging dat hy 'n suiwere oorsetting het van wat God eenmaal aan profete en apostels geopenbaar het.

Mag ons uit die Woord leer om die geloof na te volg van hulle wat ons voorgangers was. Mag ons hulle pelgrimspore volg, om uiteindelik deur Gods genade die kroon te ontvang wat hulle ontvang het.
